

**1. Die laaste konings van Israel**

Na Joas het Jerobeam II koning van Israel geword (2 Kon. 17). Hoewel hy 'n lang regering gehad het, was dit onder hom niks beter met Israel gesteld nie.

- Sy seun Sagaria het hom as koning opgevolg en ook hy het verkeerde dinge gedoen wat die Here geïrriteer het.
  - Hy is deur Sallum vermoor, en hierna het die ryk van Israel na sy einde gespoed.
- Sallum het homself koning gemaak, en net 'n maand en 'n paar dae geregeer voordat hy op sy beurt vermoor is deur Menahem.
- Menahem het toe in sy plek geregeer.
  - Tydens sy tienjarige regering het koning Tiglat-Pileser III van Assirië, ook genoem Pul, teen Israel opgetrek.
  - Menahem het 'n oorlog voorkom deur aan hom duisend talente (34 ton) silwer te skenk.
  - Hiermee het daar 'n verbond met Assirië begin, wat uiteindelik die ondergang van Israel sou beteken.
- Menahem is opgevolg deur sy seun Pekahia.
  - Hy het in die sondes van Jerobeam, seun van Nebat, verval.
  - Hy is vermoor deur sy adjudant Peka.
- Peka het koning geword in sy plek.
  - Peka het 'n bondgenootskap aangegaan met Resin, koning van Aram, en hulle het gesamentlik opgetrek teen Juda om Jerusalem te verower.
  - Hulle doel was waarskynlik om Juda aan hulle kant te kry en so 'n gemeenskaplike mag te vorm teen die Assiriërs.
- Agas was in hierdie tyd koning oor Juda. Daar was 'n plan om Agas te onttroon en 'n sekere Tabeal op die troon te plaas.
  - Agas het nie baie vertroue op God gestel nie, en hy het die hulp van Tiglat-Pileser van Assirië ingeroep teen die waarskuwing van Jesaja in (kyk Jes. 7).
  - Tiglat-Pileser het opgetrek teen Damaskus en Israel. Hy het Damaskus ingeneem en Resin doodgemaak. Hy het ook die grootste deel van die ryk van Israel in besit geneem.
- So het die gebied van Naftali in die hande van die vyand gekom en die bewoners is na Assirië weggevoer. Dit is die begin van die Assiriese Ballingskap.
- Peka is kort hierna vermoor deur Hosea, die seun van Ela.
- Hosea het hom opgevolg as koning.
  - Hy was nie so goddeloos soos sy voorgangers nie.
  - Hy het aan die Israëliete die geleentheid gegee om deel te neem aan die viering van die Paasfees in Jerusalem. Sy tweeslagtige staatkundige beleid het gelei tot die ondergang van sy ryk. Terwyl hy aan Salmaneser, koning van Assirië, 'n jaarlikse belasting moes betaal, het hy in die geheim 'n bondgenootskap met Egipte aangegaan. Toe hy gedink het dat hy sterk genoeg was met Egipte aan sy kant, het hy geweier om die belasting aan Salmaneser te betaal.

**2. Ballingskap van Israel**

Salmaneser het dadelik teen Israel opgetrek, en Egipte het geen hulp teen die Assiriërs verleen nie.

- Hosea is gevange geneem, die land is ingeneem en die hoofstad, Samaria, is deur 'n groot krygsmag beleër.
- Die beleëring van Samaria het drie jaar lank geduur, en die stad is uiteindelik ingeneem deur Sargon, die opvolger van Hosea.
- In die negende regeringsjaar van Hosea is Israel in ballingskap na Assirië weggevoer. Dit was die

einde van die ryk van Israel.

## **2.1 Werklike oorsake van die wegvoering**

In 2 Konings 17 word die werklike redes vir die wegvoering van Israel breedvoerig beskryf.

- Israel het soos die heidene gelewe. Hulle het 'n eiewillige godsdiens beoefen omdat hulle vir hulle klippilare en gewyde pale opgerig het.
  - Hulle het die kalweraanbidding ingevoer en dit het gelei tot Baälaanbidding.
  - Hulle het selfs hulle kinders as offers laat verbrand. Israel het dus verbondsbreuk gepleeg.
  - Daar was ook allerlei maatskaplike sondes waaraan die volk van Israel hulle skuldig gemaak het. Die profesieë van Amos en Hosea handel hieroor.
    - Die armes is verdruk en vir 'n paar ou skoene verkoop.
    - Die reg is verkrag.
    - Omkoperij was aan die orde van die dag.
  - Die band tussen die volk en die koningshuis het verlore geraak en die innerlike lewenskrag het ontbreek.
- Daardeur het die volk as 't ware uit die verbondsgeskiedenis getree en deel geword van die stroom van die wêreldse geskiedenis.

## **2.2 Die Samaritane**

Die verskillende konings van Assirië het, nadat hulle die Israëliete uit hulle land weggevoer het, koloniste na die ontvolkte gebiede gestuur.

- Die koloniste was meestal Siriërs en Babiloniërs, dus heidene wat hulle afgodediens saamgebring het.
- So is daar nou afgode gedien op die plekke waar die Here eers gedien is.
- Die Here het hieroor baie kwaad geword en leus onder hulle gestuur wat van hulle om die lewe gebring het.
  - Die nuwe inwoners het dit daaraan toegeskryf dat hulle nog onbekend is met die godsdiens van Israel, want hulle het van die veronderstelling uitgegaan dat elke land sy eie god het.
- Toe die koning van Assirië hieroor ingelig is, het hy een van die priesters wat uit die land weggevoer is, na die land teruggestuur om die inwoners in die Israelitiese godsdiens te onderrig.
  - Waarskynlik het die priester vroeër diens gedoen by die kalwerdiens. Die gevolg was dat naas die diens van die Here ook nog die afgodediens gehandhaaf is.
  - Uiteindelik het daar toe 'n verbasterde godsdiens ontstaan, en dit het eeue lank die godsdiens van die Samaritane gebly.
  - Hierdie koloniste wat uit Assirië gestuur was om die land van Israel te gaan bewoon, is immers later die Samaritane genoem.
  - Die Samaritane was dus nie Israëliete, dit wil sê, afstammeling van Abraham nie, al wou hulle daardie eer vir hulle toe-eien.
  - As gevolg hiervan het daar jaloesie en haat ontstaan tussen die Joodse volk en die Samaritane.
  - Die Samaritaanse godsdiens was 'n gemengde godsdiens en hulle diens op die berg Gerisim het teenoor dié van Jerusalem gestaan.

## **3. Ballingskap van Juda**

### **3.1 Aanleiding tot die Ballingskap**

Die aanleiding tot Juda se ballingskap lê deels in die sonde van Hiskia, maar veral in die gruweldade wat Manasse gepleeg het. Die Skrif is duidelik hieroor (kyk byvoorbeeld 2 Kon. 23:26; 24:3,4). Selfs die optrede van die vrome Josia om die afgodery uit te roei en die diens van die Here te herstel, kon die oordeel nie afwend nie.

### **3.2 Josia en die politieke rol van Egipte**

Toe Josia koning geword het, het hy spoedig begin met 'n kragtige hervormingsprogram.

- Die Wetboek van Moses is weer in die tempel ontdek, en Josia het dit aan die volk laat voorlees.
- Hy het ook 'n groot viering van die Paasfees voorgeskryf.
- Maar die volk was nie heelhartig en opreg saam met hom in hulle diens aan die Here nie.
  - Die uitwendige deelname aan die hervorming van die koning was nie 'n ware weerspieëling van die volk se innerlike gemoed nie.
  - Daarom het die profete aangehou om die volk van sonde te beskuldig.
  - Daarom het die Here nie afgesien van sy oordeel nie.

Neko, koning van Egipte, het in hierdie tyd 'n veldtog teen Babel onderneem.

- Om sy eie mag in die internasionale wêreld te behou, het hy opgetrek na Karkemis om die Assiriërs te help in hul stryd teen Babel. Om by Karkemis, wat aan die Eufraatrivier geleë was te kom, moes Neko deur die gebied van Juda trek.
- Sedekia het 'n bedreiging gesien in hierdie onderneming van Neko, en daarom wou hy Neko teenstaan by die pas van Megiddo.
  - Neko het hom gewaarsku om nie in sy pad te staan nie, maar Josia wou nie luister nie.
  - Sy leër is deur die Egiptenare verslaan by Megiddo, en Josia self het gesneuwel.
  - Die volk het hom beweën, en Jeremia het 'n treurlied oor hom gedig.

Die volk was nou heeltemal in die hande van Egipte. Na Josia se dood het die burgers van die land vir Joahas, ook Sallum genoem, koning gemaak.

- Hierdie keuse het koning Neko van Egipte nie aangestaan nie. Hy het Joahas na Egipte weggevoer.
- Die Egiptiese koning het vir Eljakim op die troon geplaas en sy naam verander na Jojakim.
- Jojakim was 'n swakkeling en 'n goddelose koning. Hy was trots en het die belasting wat hy aan die koning van Egipte moes betaal, bymeekaargemaak deur swaar belastings op die volk te lê.

### **3.3 Jojakim se verbond met Egipte en die gevolge daarvan**

Koning Neko van Egipte en koning Nebukadnesar van Babel het in 'n geveg gewikkel geraak in die vierde regeringsjaar van Jojakim. Nebukadnesar het Neko by Karkemis verslaan en op al die besittings van Neko buite Egipte beslag gelê.

- Die mense van Juda het dus nou onderdane van Babel geword. Jojakim het hom aanvanklik aan Nebukadnesar onderwerp, maar die oomblik toe hy kans gesien het, het hy met Egipte begin heul om die juk van Babel af te skud.
- Dit was teen die uitdruklike waarskuwing van Jeremia dat hy nie met Egipte moet onderhandel nie maar hom aan Babel moet onderwerp.
- Jojakim se opstand het hom die toorn van Nebukadnesar op die hals gehaal.
  - Hy het teen Jojakim opgetrek, hom geboei en na Babel gebring.
  - Hy is deur sy seun Jojagin as koning opgevolg.

### **3.4 Die eerste wegvoering tydens die regering van Jojagin**

Jojagin het net drie maande oor Juda geregeer. Nebukadnesar het weer teen Juda opgetrek, en Jojagin het begryp dat verset nie sal help nie. Daarom het hy hom oorgegee en is hy weggevoer na Babel.

- Hier het die eerste groot wegvoering na Babel plaasgevind.
  - Reeds tydens Jojakim se regering is enkele vername persone na Babel weggevoer, waaronder Daniël, Hananja, Misael en Asarja.
  - Onder Jojagin is al die amptenare en soldate, die vakmanne en smede weggevoer.

- Onder hierdie weggevoerdes was ook die profeet Esegïel.
- Nebukadnesar het ook die tempel en die paleis van die koning beroof.

### 3.5 Wegvoering na Babel onder Sedekia

Nebukadnesar het Mattanja, 'n seun van Josia, in Jojagin se plek koning gemaak, en sy naam verander na Sedekia.

- Juda se koning moes 'n eed van getrouheid aan die koning van Babel sweer, maar hy het hierdie eed verbreek, en dit het noodlottige gevolge gehad vir hom, vir die volk en vir die land.
  - Net soos Jojakim voor hom gedoen het, het hy ook onderhandelings aangeknoop met Egipte.
  - Toe hy gemeen het dat hy seker kon wees van Egipte se ondersteuning, het hy teen Babel in opstand gekom.

Nebukadnesar het toe met 'n baie groot leër teen Juda opgetrek en Jerusalem beleër. Die beleg het ongeveer agtien maande geduur.

- Gedurende hierdie beleg moes die bewoners van Jerusalem baie groot ellende deurmaak, wat onder andere ook in die Klaagliedere van Jeremia beskryf word.
- Vroue het selfs so ver gegaan om hulle kinders op te eet.

Daar het 'n bietjie hoop opgevlam toe koning Gofra van Egipte met 'n leër opgetrek het om hulp te bied. Nebukadnesar het hom voorgekeer en hom gedwing om onverrigtersake na Egipte terug te keer. Jerusalem is opnuut beleër en die stad is ingeneem.

- Toe Sedekia sien dat alles verby was, het hy op die vlug geslaan in die rigting van die Jordaan.
- Hy is gevang en weggevoer na Ribla waar Nebukadnesar sy hoofkwartier gehad het.
- 'n Verskriklike straf het op Sedekia gewag. Hy moes kyk hoe hulle sy seuns doodmaak, en daarna is sy oë uitgesteek.
- Hy is geboei en na Babel weggevoer waar hy tot sy dood in die gevangenis was.

Jerusalem is verwoes.

- Al die tempelgereedskap is uit die tempel geroof en die tempel is aan die brand gesteek.
- Die hele volk van Juda is toe in ballingskap na Babel weggevoer; net die armstes van die land het agtergebly.

Ballingskap was in dié dae 'n politieke maatreël van die groot moondhede om die nasionale gevoel van die oorwonne volke gewelddadig uit te roei.

### 3.6 Lotgevalle van die agtergeblewenes

Gedalja is as goewerneur aangestel oor die klompie agtergeblewenes. Ook onder hulle was daar nie eensgesindheid nie.

- Gedalja is vermoor deur 'n sekere Ismael, wat in opstand gekom het teen die gesag van Babel.
- Ismael is weer deur Johanan verslaan.
- Teen die raad van Jeremia in het Johanan en die agtergeblewenes hulle na Egipte begeef. So het daar niemand in Jerusalem oorgebly nie.
- In Egipte het hierdie klompie agtergeblewenes ook nie getrou gebly aan die Here nie. Uit Jeremia 44 blyk dit dat hulle daar afgodediens begin beoefen het. Daarom het hulle ooreenkomstig Jeremia se waarskuwing deur oorlog en hongersnood vergaan.

Die volk van Juda was sewentig jaar lank in ballingskap in Babel.